# GESKIEDENIS VAN DIE ALLEDAAGSE LEWE – 'N NUWE STROMING IN DIE DUITSE SOSIALE GESKIEDSKRYWING

**F.A. van Jaarsveld**

**History of everyday life: the new German Alltagsgeschichte movement**

"Everyday life" history actually means "people's history" which is not without relevance to South Africa. It deals with local history in which the focus is on ordinary or common people who have experienced the effects of political or economic decision-making. Concrete reality is brought to thre fore and man rediscovered as a subject of history; it is an alternative history resulting from protest against the existing professional historical writing. The author analyses some recent examples of *Alltagsgeschichte* and explains the nature of people's history. He also analyses the reasons for the rise of the new movement – a new intellectual climate in West Germany, a reaction against the new kind of abstract social science history and influences from abroad such as the Ruskin College's History Workshop Movement. He also describes the advantages and disadvantages of the new trend.

*Alltagsgeschichte* beteken eintlik "volksgeskiedenis" wat nie sonder betekenis vir Suid-Afrika is nie. Dit gaan om plaaslike geskiedenis waarin op gewone mense gefokus word wat die gevolge van politieke of ekonomiese besluitneming ervaar het. Konkrete werklikhede word na vore gebring en die mens as subjek van die geskiedenis herontdek; dit is 'n alternatiewe geskiedenis wat die geval is van protes teen die bestaande professionele geskiedskrywing. Die skrywer ontleed enkele resente werke m.b.t. die *Alltags*geskiedskrywing en verklaar die aard van "volksgeskiedenis". Hy ontleed ook die redes vir die opkoms van die nuwe beweging, nl. 'n nuwe intellektuele klimaat in Wes-Duitsland, 'n reaksie teen die nuwe soort abstrakte "historiese sosiale wetenskap" en buitelandse invloede soos die Ruskin College se *History Workshop Movement*. Hy behandel ook die voor- en nadele van die nuwe rigting.

## 1. Inleiding: voorbeelde van die alledaagse geskiedenis-beweging, 1981–1987

Hierdie tema is nie sonder betekenis vir die Republiek van Suid-Afrika (RSA) nie. Met "alledaagse" geskiedenis word eintlik volksgeskiedenis bedoel wat betrekking het op die kultuur, die *heimat*, buurt of streek, dit wil sê plaaslike geskiedenis, met die "gewone" mens in die sentrum van belangstelling. Dit is geskiedenis van onderaf boontoe wat dui op 'n verskuiwing van perspektief: daar is weggedoen met die tradisionele uitgangspunt van 'n elite-geskiedenis van bo-af ondertoe – dit wil sê, heersersgeskiedenis. Die klem val nou op diégene aan die basis van die sosiale piramide wat die uitwerking van politieke of ekonomiese besluitneming ervaar het. Dit is 'n kollektiewe ervaringsgeskiedenis van die alledaagse lewe, waarin die konkrete na vore gebring en die mens as subjek van die geskiedenis herontdek is. In breë trekke is dit 'n alternatiewe geskiedenis, wat uit protes teen die bestaande professionele geskiedskrywing buite die universiteit om in landswye werkswinkels beoefen word.

Hierdie karakterisering van die Duitse "alledaagse" of volksgeskiedenis klink nie vreemd of onbekend nie as daar aan die *people's history*-beweging van die RSA gedink word – 'n beweging wat ook in *history workshops* beoefen word, en sedert 1986 landswyd buite skool- en universitêre verband versprei het. Ook hier val die klem op die gewone mens, die arbeiderskultuur en klein temas. Dit is bewustelik bedoel as 'n geskiedenis van onderaf boontoe en vertoon 'n verset- of alternatiewe karakter, wat sterk op mondelinge getuienis van die ervaarde leefwêreld van swart en bruin werkers steun. Soos by die Duitsers het die *people's history* ook die veronregtes, uitgeslotenes, armes en gegriefdes tot objek van studie.

Dit is nie die bedoeling om 'n vergelyking te tref tussen die Suid-Afrikaanse en Duitse vorm

van alternatiewe of opposisionele geskiedenis nie. Daar bestaan ooreenkomste, maar ook groot verskille. Die doel is om aan te toon dat die *people's history* of "geskiedenis van die alledaagse lewe"-beweging 'n wêreldwye verskynsel is wat teen die einde van die sewentiger- en begin tagtigerjare as 'n soort sosialisties-demokratiese omgang met die verlede sy buiging op die Duitse historiese toneel gemaak het. Dit verskaf 'n agtergrond waarteen die Suid-Afrikaanse *people's history*-beweging beter verstaan en beoordeel kan word. Anders as in Duitsland het dit hier nog nie tot 'n breë diskussie en standpuntinname tussen die professionele en die "mode-wetenskap" en "kaalvoet-historici" van die *people's history*-beweging (soos Hans Wehler dit genoem het) gelei nie.

Hier word gekyk na die doelstelling en inhoud van enkele uit talle boeke, brosjures en opstelle, wat 'n konkrete vertrekpunt verskaf vir 'n bespreking van die verskynsel "alledaagse geskiedenis". 'n Boek wat as 'n goeie voorbeeld van die *Alltags*-geskiedenis dien, is die *Hochlarmarker Lesebuch: Kohle war nicht alles, 100 Jahre Ruhrgebietsgeschichte*[1]. Dit het in 1978 ontstaan deur die inisiatief en inspirasie van die plaaslike volkshoërskool wat daartoe gelei het dat 'n geskiedeniswerkkring van 13 vroue en 9 mans van die ouere geslag mynwerkers byeengekom het met die doel om die geskiedenis van hul stadsbuurt, Hochlarmark in die stad Recklinghausen, na te vors. Naas eie herinneringe is talle mense ondervra en familiefoto's versamel. Met die hulp van 'n paar geskoolde historici is ook dokumente uit argiewe en koerante benut. Uit vertellinge, briewe, berigte, dokumente, foto's en gebruiksvoorwerpe het 'n kroniek van die stadsbuurt ontstaan wat die maatskaplike, ekonomiese en kulturele ontwikkeling in 'n proletariese lewensamehang beskryf. Eers is referate oor temas soos die volgende voorgedra: skagsinking – die motor van hulle lewe – die steenkoolmyn, die koms van werkers, woningbou, familielewe, skole, die handel, vakbonde, verenigings, partye en politieke ontwikkeling. Daarna is 'n uitstalling gehou oor die tema "Steenkool was nie alles nie", wat gelei het tot genoemde publikasie.

Die boek bevat 'n chronologiese verhaal van die mynwerkersbuurt, vanaf sy ontstaan aan die begin van die 20ste eeu tot vandag en word gekenmerk deur 'n lewendige vertelling oor arbeids- en lewenstoestande sonder om in nostalgie of sentiment te verval. Ons lees van die mans se gevaarlike werk, ongevalle en stryd om hoër lone en van die vrouens se daaglikse sorge om hul kinders gevoed en gekleed te kry; van verset teen die Hitler-regime, 'n eie klassebewussyn en die verbetering van lewenstoestande in die Bondsrepubliek, soos die bou van beter huise, hoër lone en modernisering. Die koms van die beeldradio het byvoorbeeld die tradisie van gesprekvoering met bure vervang en die koms van die motor het deur uitvlugte na die platteland die buurt Sondae as feitlik verlate laat voorkom. Die boek is 'n voorbeeld van hoe plaaslike belangstelling in die eie geskiedenis die kultuurarbeid van 'n stadsbuurt sinryk kan aanvul en die alledaagse lewe aan die sosiale milieu verbind. Daarin is die eie identiteit tot uitdrukking gebring en eie probleme in eie taal en vanuit eie belange beskryf. Ons maak kennis met die mens agter die steenkool.

'n Tweede voorbeeld is die *Dortmunder Lesebuch*[2] wat in 1984 deur 'n historiese werkswinkel uitgebring is. Dit handel oor 'n ander soort geskiedenis van Dortmund as wat in die amptelike stadsgeskiedenis verskyn en berus op mondelinge getuie en lewensherinneringe. Weglatings, vervalsings en blinde kolle in die tradisionele geskiedskrywing het aanleiding tot dié boek gegee, aldus die samestellers. Dit gaan oor vergete dinge en vergetenes, wat normaalweg nooit in die geskiedenis figureer nie: die gewone mense, arbeiders, uitlanders, werkloses, bediendes, rowers en dies meer. Die geskiedenis van 'n stadsbuurt lyk vir die

---

Asso Verlag (Oberhausen, 1981), 348 pp.
Verlag Helmut Lierhaus (Dortmund, 1984), p. 232

skrywers meer opwindend as die kroning van konings of keisers. Groot manne kom slegs ter sprake in die soort rol wat hulle meestal gespeel het, naamlik as uitbuiters, onderdrukkers of oorlogbedrywers. Die boek is uit 'n links-sosialistiese standpunt geskryf en bevraagteken die bestaande orde en verhoudinge: daadwerklike demokratisering is meestal deur diegene daaronder met weerstand en geweld teen diegene daarbo bewerkstellig. Dit handel oor die alledaagse lewe van die onderste lae van die samelewing en gee uitdrukking aan 'n verlange na 'n lewendige en deurskoubare geskiedenis, gebaseer op lewenservaring, waarin die mens en "die saak self" aan die woord kom en hul geskiedenis in eie hande geneem word. Dit doen weg met anonimiteite en word konkreet: betrokke persone handel op 'n bepaalde tyd en plek en word by name genoem.

Nog sterker links en meer histories-materialisties is 'n alledaagse "volks"-geskiedenis wat sy titel ontleen aan 'n uitspraak van Marx, naamlik *Die mense maak hul geskiedenis nie uit vry gekose stukke nie, maar hulle maak dit self*[3], wat in 1985 verskyn het. Dit handel oor 'n "volksgeskiedenis" van Noord-Rynse Wesfale, die industriële hart van die Bondsrepubliek. Dit is bedoel as 'n antikonserwatiewe en alternatiewe geskiedenis van die Bondstaat wat herdink en herskryf moet word. Die tradisionele geskiedenis openbaar 'n blindheid teenoor gewone mense en daarom is die Noord-Rynse Wesfaleboek 'n geskiedenis nie van die heersersklas nie, maar van die onderhoriges – mense wat graag hul lewensomstandighede wil verstaan en hoor van hul armoede, ellende, verset en botsings met die owerheid. Die boek neem die geskiedenis in eie hande en gaan dus in werkswinkels demokraties daarmee om. Geskiedenis word nie net gemaak in veraf magsentra nie, maar ook in die wêreld van die onopsigtelike arbeiders, die onderste lae van die samelewing, mans en vroue. Professionele geskiedkundiges het nie 'n monopolie op die voorstelling van die geskiedenis nie: buite die universiteite om kan werkers self hul eie geskiedenis navors en te boek stel.

Die boek is 'n betrokke geskiedenis wat die hede kritiseer met die oog op 'n beter toekoms, 'n mosaïek van kollektiewe lewenservaring en arbeiderskultuur wat grootliks op mondelinge bronne-insameling berus en talle foto's uit die lewe van die arbeidersklas bevat. Dit is 'n bewys van die ontstaan van 'n nuwe historiese en landsbewussyn, 'n ontdekking van die eie wortels en herkoms. Dit vervul 'n oriënteringsbehoefte en openbaar 'n stuk verborge identiteit[4]. Dit herinner aan die *Illustrierte Alltagsgeschichte des deutschen Volkes 1810–1900*[5] van S en W Jacobeit, wat op die Oos-Duitse Marxis Jürgen Kuczynski se boek met soortgelyke titel gebaseer is.

## 2. Alledaagsheid en die aard van alledaagse geskiedenis

In een van Berthold Brecht se gedigte (hier vry vertaal) lees ons:

*"Daar is mense in die donker*
*daar is mense in die lig;*
*die mense in die lig word raakgesien,*
*die mense in die donker nie"*

Vir die beoefenaars van die alledaagse of "volksgeskiedenis" in werkswinkels gaan dit om die mense wat in die donker wandel, wat as "geskiedenisloos" normaalweg nie in die geskiedenis-

3. L. Niethammer e.a. (reds.), "*Die Menschen machen ihre Geschichte nicht aus freien Stücken, aber sie machen sie selbst*" (Berlyn-Bonn, 1985), p. 267.
4. *Ibid.*, pp. 8-11 en 250-262.
Pahl-Rugenstein, Band II (Keulen, 1987), 335 pp.

boeke van die heersersklas verskyn nie, behalwe miskien in 'n voetnoot. Hierdie mense, gewone of klein mensies, vorm die meerderheid in elke samelewing en voel hulle as die uitgeslotenes, uitgestotenes, veronregtes, onbevoorregtes en onbelangrikes. Hul daaglikse lewe word bepaal deur die groot en magtiges in die helder lig daarbo. Die konkrete, alledaagse leefwêreld is die werklikheid waarin elke mens hom elke oomblik bevind, hetsy as arbeider op die platteland of in die sleur van die industriële stede. Daarin het die oorgrote meerderheid hul daaglikse vertroude lewenservaring. Hulle is nie bloot toeskouers nie, maar ook deelnemers wat hul aktiwiteite in 'n konkrete sosiale posisie persoonlik vertolk[6].

Volgens Alfred Schutz en Thomas Luckmann is die alledaagse leefwêreld die mens se vernaamste werklikheid, 'n kommunikatiewe wêreld wat hy kan verander[7]. Dit is geen geïsoleerde werklikheid nie, want daar bestaan altyd die moontlikheid van nie-alledaagse ervarings soos byvoorbeeld onrus en oorlog. Elke tydperk ken sy eie alledaagse lewe. Mense word gebore, groei op, trou, kry kinders en werk, woon, eet, trek aan, ontspan of vier fees. Naas die geroetineerde, herhalende kant van die alledaagse lewe, is daar ook die skadusy van swaarkry, armoede, eentonigheid, verveling en onderdrukking. Die leefwêreld is relatief staties en het ook te doen met die kultuur, mentaliteit of geestesklimaat. Dit gaan ook om gewoontes, gebruike, emosies, mites, feeste, hartseer, leed, die kindertyd, jeug, ouderdom, siekte, gebrek en dood of oor die familielewe, voeding, kleding, spel, liefde, bygeloof, godsdiens, sedes, sosiale konflik en klassebewustheid. Die alledaagse lewenstoestande kan soms as vervelig maar soms ook as dramaties ervaar word, en is met verloop van tyd aan verandering onderworpe[8].

Uit bogenoemde blyk dit dat alledaagsheid 'n bontgeskakeerde, verwarrende, heterogene en moeilik definieerbare begrip is. Dit raak onder meer sinlik ervaarbare lewensamehange, materiële kultuur, lewensnabye konkreethede en maatskaplik-kulturele verskynsels, wat vroeër nie in die gewone geskiedenis tereg gekom het nie.

Die begrip "alledaagse" of volksgeskiedenis wat onlosmaaklik aan die term leefwêreld gekoppel is, het Wes-Duitsland teen die einde van die jare sewentig vrywel onverwags en onkant betrap. Vir die publiek en akademiese geskiedkundiges was dit 'n nuwe term wat blitssnel ingang gevind en opgang gemaak het – vir sommige 'n etiket of modewoord wat plotseling in almal se monde geleef het. Die veelkleurige en veelduidende uitdrukking is op verskillende maniere deur leke, historici en ideologiese strominge onderskeidingloos aangewend. Soos 'n Columbus het leke en nie-professionele geskiedskrywers alledaagsheid binnegevaar en 'n vloed van geskrifte, brosjures, boeke en artikels het die land oorstroom – 'n nuutjie waaroor in koerante gerapporteer en op historiese kongresse gepraat is. Dit is in diskussies uitgepluis, verwelkom of gekritiseer, wat dit vanaf die begin omstrede laat word het: was dit 'n nuwe stroming of 'n nostalgiese droom van linkse "groenes", 'n seepbel wat spoedig sou verdwyn, 'n moedegier, of 'n blywende bydrae tot die geskiedskrywing?

Deur nuwe vertrekpunte, metodes, temas en daarstellingsvorme het dit egter 'n stempel afgedruk, is dit ingeburger en daarmee moes in die toekoms rekening gehou word. Inderdaad was hierdie soort geskiedenis nooit 'n gewilde historiografiese tradisie in Duitsland nie. Die term "alledaags" is 'n Marxistiese begrip wat Wes-Duitsland eers teen die laat sestigerjare

6. Bergmann, Kuhn, Rüsen e.a. (reds.), *Handbuch der Geschichtsdidaktik* (Düsseldorf, 1985), pp. 36-39.
7. A. Schütz en T. Luckmann, *Strukturen der Lebenswelt*. I (Frankfurt a/M, 1979), p. 25 en T. Luckmann, *Lebenswelt und Gesellschaft* (Paderborn, 1980).
8. I.-M. Greverus, *Kultur und Alltagswelt* (Frankfurt a/M, 1987), p. 93; Berdahl, Medick e.a. (reds.), *Klassen und Kultur, Sozialanthropologische Perspektiven in der Geschichtsschreibung* (Frankfurt a/M, 1982), p. 7.

bereik het[9]. Die wending na die alledaagse lewe van die arbeiders was die eindpunt van 'n ontwikkeling in die sosiale geskiedenis wat in die sestigerjare met die herontdekking van die geskiedenis van die arbeidersbeweging en -organisasies begin het[10]. Die studie van die alledaagse lewe van die gewone mens kan as 'n nuwe oriëntering in, en 'n nuwe tak van die sosiale geskiedenis beskou word: dit handel basies om lewensamehange, arbeiderskultuur, 'n kollektiewe ervaringswêreld, lewenstoestande en werkpleksituasies, waarin die subjektiwiteit van sosio-kulturele groepe en historiese objekte gerekonstrueer en uitgebeeld word[11]. Dit is 'n wending van 'n geskiedenis van bo-af beskryf na 'n perspektief van onder-af, wat die betrokkenes die subjekte van navorsing, naamlik die vergetenes uit die onderste lae van die bevolking en anonieme akteurs in die historiese proses, in die geskiedenis terugplaas en hul verlore verlede aan hulle teruggee[12]. Dit het 'n hersiening en herskrywing van die tradisionele historiese voorstelling geïmpliseer: die verlede moes nie net van onder-af nie, maar ook van binne-uit gerekonstrueer word. Dit moes 'n alternatiewe geskiedenis en een van vroeër onopgemerkte terreine aanbied[13].

Die alledaagse geskiedenis word in historiese werkswinkels beoefen wat plotseling 'n betekenisvolle medium van historiese belangstelling geword het. Daaraan neem historiesgeïnteresseerde leke deel. Die spangees word gesien as 'n demokratiese omgang met die geskiedenis, wat buite universitêre verband beoefen word. Dit neem die plek in van die akademiese seminare wat geen kontak met die breë publiek het nie, en word beskou as 'n opheffing van die tradisionele arbeidsverdeling tussen deskundiges en leke – dus 'n ontprofessionalisering van die vak. Die universiteite het dus nie 'n monopolie op die geskiedenis nie: leke uit die publiek kan self hul geskiedenis in eie hand neem en op onortodokse wyse te boek stel. In die werkswinkels, so word daar gemeen, word die dualisme tussen die navorser en sy studie-objek opgehef[14]. Dit wil geskiedenis uit sy akademiese isolasie bevry en deur popularisering bruikbaar maak.

Die alledaagse geskiedenis het wegbeweeg van groot verhoudinge en samehange en hom teruggetrek in 'n mikrogeskiedenis – die klein wêreld van die gewone mens, sy omgewing en ervaring[15]. Hierin staan stadsbuurtes of dorpe sentraal en word gekenmerk deur mikroskopiese detailskildering. Dit handel ook oor die klein wêreldjies van persone, families of werkplekke.

Die weergawe van die eie geskiedenis uit die perspektief van die betrokkenes steun sterk op mondelinge getuienis[16], wat vir die rekonstruksie van die eietydse sosiale geskiedenis tot

---

9. K. Bergmann en R. Schörken (reds.), *Geschichte im Alltag — Alltag in der Geschichte* (Düsseldorf, 1982), pp. 19-20.
10. V. Ullrich, "Alltagsgeschichte, über einen neuen Geschichtstrend in der Bundesrepublik" in *Neue politische Literatur XXIX* (1984), p. 60.
11. H. Haumann, *Arbeiter Alltag in Stadt und Land* (Berlyn, 1982), pp. 15, 20 en 22.
12. J. Rüsen en H. Süssmuth (reds), *Theorien in der Geschichtswissenschaft* (Düsseldorf, 1980), p. 130.
13. V. Ullrich, "Entdeckungsreise in den historischen Alltag, Versuch einer Annäherung, an die neue Geschichtsbewegung" in *Geschichte in Wissenschaft und Unterricht* 36 (1985), pp, 403.
14. A. Frei, "Alltag-Region-Politik, Anmerkungen zur neuen Geschichtsbewegung" in *Geschichtsdidaktik* 9/2 (1984), p. 107; T. Lindenberger, "Wer hat Angst vor den Barfuszhistoriker?" in *Geschichtsdidaktik* 11/1 (1986), p. 17.
15. H. Süssmuth (red.), *Historische Anthropologie* (Göttingen, 1984), p. 57; L. Niethammer, "Das kritische Potential der Alltagsgeschichte" in U.A.J. Becher en K. Bergmann (reds.), *Geschichte-Nutzen oder Nachteil für das Leben* (Düsseldorf, 1986), p. 60.
16. H. Ehalt (red.), *Geschichte von Unten* (Wenen, 1984), p. 22; oor die nut van "Oral History" kyk L. Niethammer, *Lebenserfahrung und kollektives Gedächtnis, die Praxis der "Oral History"* (Frankfurt a/M, 1985), pp. 1, 471 en 473. Vergelyk ook *Geschichtsdidaktik* 9/3 (1984) wat aan "Oral History" gewy is.

bruikbare metode geword het. Met notaboekie en bandopnames word inligting ingewin oor die ervaring van die laere klasse, wat normaalweg nie in amptelike dokumente neerslag gevind het nie. Afkomstig uit die buiteland het die metode van die *Oral History* hom spoedig in Wes-Duitsland ingeburger ter aanvulling van die tradisionele historiese metode van bronne-analise.

Nog 'n kenmerk van die alledaagse werkswinkelgeskiedenis is die besondere aandag wat aan die verwaarloosde ander helfte van die mensdom gegee word, naamlik die geskiedenis van die vrou[17]. Dit raak vroue uit die onderste lae van die samelewing soos huishulpe, fabriekswerksters en boerinne, wat soms gesukkel het om liggaam en siel aanmekaar te hou.

Die geskiedenis van die alledaagse lewe word ook gekenmerk deur betrokkenheid of *engagement*, wat herinner aan Marx se uitspraak dat die wêreld nie net vertolk moet word nie, maar ook verander moet word. Dit moet diensbare geskiedenis lewer wat kan help met die skepping van 'n nuwe sosiale en politieke orde – 'n waarlik demokratiese. Dit moet deur kritiek op die hede help om reg te maak wat verkeerd is in die samelewing en 'n bydrae tot 'n beter toekoms lewer. Dit word opvallend deur linkses beoefen wat die heersers in die belang van die slagoffers van die historiese proses wil bestry.

Ten slotte het die alledaagse geskiedenisbeweging gelei tot die bevordering van 'n historiese bewussyn en 'n identiteitstrewe. In 'n identiteitsvoorstelling is die rekonstruksie van die eie groepslewe onlosmaaklik verbonde aan 'n diagnose van die hede en wense vir die toekoms.

## 3. Redes vir die ontstaan van die volksdemokratiese, alledaagse geskiedenisbeweging

### 3.1 *'n Nuwe intellektuele klimaat in die Wes-Duitse samelewing*

Die eerste rede is die veranderde intellektuele klimaat in die Wes-Duitse samelewing. Die wending deur die alledaagse geskiedenisbeweging na konkreet-ervaarbare lewenswerklikhede wat die subjektiwiteit van indiwidue na vore bring, is voorafgegaan deur filosowe, sosioloë, volkskundiges en letterkundiges wat opgemerk het dat daar leë bladsye in die moderne Duitse geskiedskrywing berstaan. Hulle het raakgesien dat die begrip alledaagsheid 'n vrugbare aanloop kan vorm om verwaarloosde maatskaplike verskynsels te verstaan wat voortgekom het uit die versteuring van die alledaagse lewe deur die industriële beskawing. Sedert 1970 weerspieël ook die Duitse letterkunde 'n verwerping van anonimiteit en 'n wending na die beperkte leefwêreld van indiwidue. Innerlikheid, emosies, subjektiwiteit en die klein wêreld van die *heimat*, die bestaansoord, is beklemtoon.

In hierdie intellektuele klimaat was die wending van die geskiedskrywing na leefwêreldlike verskynsels 'n uitdrukking van protes teen die soort lewe wat deur anonieme, burokratiese, groot organisasies op hulle afgedwing word. Daarin is onpersoonlike verhoudinge en vervreemding aan die orde van die dag. Die nuwe geskiedenisbeweging kan vertolk word as 'n protes teen die negatiewe gevolge van die groot strukture en prosesse van vertegnisering, rasionalisering en sintetisering van die ganse lewe. Dit was 'n protes teen die redusering van mense tot koue syfers wat nie meer plek laat vir die enkeling in sowel die samelewing as die wetenskap nie. Met die toenemende werkloosheid en woningnood – die prys van modernisering en ekonomiese groei – het wantroue in die vooruitgangsidee ingetree.

---

7. P. Borscheid, "Alltagsgeschichte – Modetorheit oder neues Tor zur Vergangenheit?" in W. Schieder en V. Sellin, *Sozialgeschichte in Deutschland III* (Göttingen, 1987), pp. 84-85 en H. Ehalt (red.), *Geschichte von Unten* (Wenen 1984), pp. 259-286.

By die mense aan die ontvangkant het gekweste geregtigheidsgevoelens ontstaan: hulle wou nie gestoomroller word nie. Daar was afkeer van die tegniese vooruitgang en verset teen die grotes en magtiges – die "groot broers" daarbo – wat gelei het tot 'n terugtrekking van die klein mensies hieronder in die daaglikse wêreldjie van geborgenheid, die *heimat*, wat 'n hawe bied teen 'n hartelose wêreld sonder gevoel. Dit was 'n vlug uit die anonieme massasamelewing na die warm nessie van 'n mikrowêreld, met eie indiwidualiteit en identiteit[18]. Basies kom die belangstelling in die geskiedenis van die alledaagse lewe neer op kultuurkritiek oor die verlies van menslikheid in 'n wêreld van masjiene en outomate

3.2 *'n Reaksie teen die abstrakte Historiese Sosiale Wetenskap*

'n Tweede rede vir die ontstaan van die alledaagse geskiedenisrigting hou verband met die ontwikkeling in die Wes-Duitse geskiedwetenskap ná die katastrofe van 1945. Die nalatenskap van Hitler het dit vir historici moeilik gemaak om met hul geskiedenis om te gaan[19]. In die sestigerjare het ontevredenheid ontstaan met die tradisionele voorrang van die politieke geskiedenis, wat hom volgens die hermeneutiese verstaanmetode enkel en alleen op gebeurtenisse en persone rig. Onder invloed van die Franse Annalesskool, die Amerikaanse sosiologie en *New Economic History* asook die *Frankfurter Schule* se "Kritiese Teorie" nader tuis, het Hans-Ulrich Wehler 'n ander vorm van geskiedskrywing ontwikkel, naamlik die Historiese Sosiale Wetenskap. Dit was 'n verskuiwing van die politiekgesentreerde geskiedenis na 'n ontleding van langtermynse, bo-indiwiduele sosiaal-ekonomiese verskynsels, wat die vak nader aan die sistematiese sosiale wetenskappe laat beweeg het. Anonieme kragte en kollektiewe massafenomene is geanaliseer, met gebruikmaking van teorieë, modelle, ideale tipes, tabelle en statistieke – dit is die kwantitatief-meetbare[20]. Dit wás 'n vorm van geskiedskrywing wat nie primêr met gebeurtenisse, persone, intensies en handelinge omgaan nie, maar met strukture en prosesse[21]. Dit kom neer op 'n abstraksie van die historiese verloop waarin mense nie meer gesien word nie: hulle word gereduseer tot syfers en tabelle.

Dit was teen hierdie vorm van nuwe soort geskiedskrywing waarteen jonger historici en lede van die publiek, merendeel met linkse inslag, in opstand gekom het. Hierteenoor het hulle met 'n alternatiewe model van geskiedskrywing vorendag gekom, naamlik oor die alledaagse lewe en kultuur. In Wehler se tipe abstrakte geskiedenis het hulle 'n kloof bespeur tussen die indiwidu en die samelewing, geskiedenis en persoonlike gebeurtenisse, wetenskap en objek en tussen die professionele ivoortoringhistorikus en sy publiek. Dit het belangrike aspekte van die sosiale en kulturele geskiedenis verwaarloos, en die vraag na die werklike lewe met sy talle klein mensies onbeantwoord gelaat.

Daar was ontnugtering met die toepassing van teorieë oor die geskiedenis wat strek van

18. P. Borscheid, a.w., pp. 84-85.
19. M. Broszat, *Nach Hitler, der schwierige Umgang mit unserer Geschichte* (München, 1987) en S. Piper, *Historikerstreit* (München-Zürich, 1987).
20. Oor die ontwikkelinge in die Wes-Duitse geskiedwetenskap kyk H.-U. Wehler, "Zur Lage der Geschichtswissenschaft in der Bundesrepublik" in *Historische Sozialwissenschaft und Geschichtsschreibung* (Göttingen, 1980), pp. 13-41; K. Repgen, "Methoden- oder Richtungkämpfe in der deutschen Geschichtswissenschaft seit 1945?" in *Geschichte in Wissenschaft und Unterricht* 30 (1979), pp. 591-610; W. Mommsen, "Gegenwärtige Tendenzen in der Geschichtsschreibung der Bundesrepublik" in *Geschichte und Gesellschaft* 7 (1981), pp. 149-188; G. Hübinger, "Neuere Tendenzen der Geschichtstheorie in der Bundesrepublik Deutschland" in *Jahrbuch der historischen Forschung* (München, 1985), pp. 15-21 en E. Schulin, *Traditionskritik und Rekonstruktionsversuch* (Göttingen, 1979).
21. Vgl. bv. H.-U. Wehler, *Deutsche Gesellschaftsgeschichte* I (1700-1815) en II (1815-1848) (München, 1987).

Marx se abstrakte, ekonomiese verklaringsmodel tot die moderniseringsteorie soos voorgestaan deur Wehler en sy kapitalisme-analise; ook was daar wantroue teen sistematisering en generalisasie, koue ontleding en kwantifikasie. Dit het by die alledaagse historici gerig op die lewe, wat gehonger het na ervaring, die gevoel gelaat dat die moderne sosiale geskiedenis nie rekening hou met lewensverskeidenheid nie en konkrete dinge verbygaan, dus 'n sosiale geskiedenis sonder mense aanbied. Daar was beswaar teen die onleesbaarheid van 'n analitiese tipe geskiedenis en die verontmensliking wat dit tot gevolg gehad het. Omdat geskiedenis oorwegend deur professionele universitêre historici uit die perspektief van die elites van bo – die oorwinnaars, gegoedes en regeerders – geskryf is, het 'n ommekeer en perspektiefwisseling by die voorstanders van die alledaagse beginsel ingetree: nie langer moet geskiedenis uit die oog van die heersersklas van bo-af betrag word nie, maar van onder-af, uit die perspektief van die gewone mense. Die analise van maatskaplike strukture en prosesse het nagelaat om die vraag te beantwoord hoe die kleinmensies dit beleef, en aan hul lywe gevoel het.

Die progressiewe, jonger historici het die behoefte gevoel aan konkrete kennis oor die lewe van die betrokkenes en die warmte van die subjektiewe faktor – vertelling dus teenoor koue analise. Konkrete leefwêreldlike ervaring het die wagwoord geword. Teenoor die abstrakte sosiale verhoudinge is die soeke na kleiner alternatiewe gestel. Dit was 'n terugtrekking in die oorskoubare ruimte en lewensvorme van mikrowêreldjies. Hierop het die nuwe belangstelling in die geskiedenis van die alledaagse lewe gestoel. In wese beteken dit die bevrediging van 'n soeke na sin, betekenis en identiteit, en van die verlange na die eenvoudige dinge van die alledaagse lewe, 'n les van die dors na konkrete werklikhede. Uit hierdie anti-analitiese stemming het detailskildering, beskrywing en vertelling, 'n vermensliking van die geskiedenis voortgekom soos in die werkswinkelbeweging buite universitêre verband beoefen word[22].

### 3.3 *Buitelandse beïnvloeding*

'n Derde rede vir die ontstaan van die alledaagse geskiedenis-beweging was historiese voorbeelde wat uit die buiteland na Duitsland oorgewaai het. Uit Swede het Sven Lindqvist se *Grabe wo du Stehst*-beweging invloed uitgeoefen soos ook E. le Roy Ladurie se *Montaillou*[23] uit Frankryk, en uit Italië Carlo Ginzburg se *Der Käse und die Würmer*[24]. Van Engelse kant het E.P. Thompson se *People's History*, wat oor opstandige volkselemente handel[25], navolging gevind. Die herontdekking van die gewone mens het enersyds uit die volkskunde[26] en andersyds uit die Amerikaanse kultuurantropologie gekom[27]. In dié vak is sosiale met kultuurgeskiedenis verbind, wat 'n wending van makro- na mikrostudies gebring het en metodies op Clifford Geertz se *Thick Description* berus[28]. Ook is die Marxistiese begrip van die "alledaagse lewe" aanvaar. Dit geld ook die beginsels van die linkse Amerikaanse en Engelse radikalisme, wat uit protes teen die "establishment" met 'n nuwe soort geskiedenis vorendag gekom het, naamlik *History from the Bottom-up* en *History from Below.* Albei hou verband met 'n ou Engelse tradisie van *People's History* en die Amerikaanse *Popular Culture.*

Die sterkste inspirasie vir die Wes-Duitse *Alltagsgeschichte*-beweging het van die Engelse

---

22. H. Ehalt (red.), *Geschichte von Unten* (Wenen, 1984), pp. 20-23; P. Borscheid a.w., pp. 79-82; Kocka, a.w., p. 166; V. Ullrich, a.w., pp. 404-405.
23. Frankfurt a/M, 1979.
24. Frankfurt a/M, 1979.
25. *Die englische Gesellschaft im 18 Jahrhundert* (Frankfurt a/M, 1980), pp. 247-289.
26. Ehalt, a.w., p. 58.
27. R. von Dülmen en N. Schindler, *Volkskultur, zur Wiederentdeckung des Alltags* (Frankfurt a/M, 184), pp. 7 en 13.
28. C. Geertz, *Dichte Beschreibung* (Frankfurt a/M, 1983), p. 7.

*History Workshop Movement* gekom waarin die *People's History* sowel binne as buite Britse universiteite beoefen word. Dit het ook gelei tot die koms na Suid-Afrika van die *People's History* en geskiedeniswerkswinkels. Die Engelse werkswinkel-beweging het in 1966 aan 'n vakbondkollege, naamlik die Ruskin College aan die Universiteit van Oxford, onder die vaderskap van Raphael Samuel ontstaan wat deur linkse historici van die *New Left* soos E.P. Thompson, E. Hobsbawm en C. Hill beïnvloed is. Werkswinkels is deur groepies linkse werkerstudente gevorm waarin die "eie" geskiedenis in teëstelling met die amptelike geskiedenis van die vakbondbeweging opgeteken is. Dit was 'n protes teen sowel die rigiede ekonomiese beginsels van Marx as die heersersklas – geskiedenisvoorstelling in leerplanne en universitêre produksie. Met "ervaring" as uitgangspunt het eietydse *Oral History* gewild geword. Dit is gekenmerk deur 'n radikale verset teen die samelewingsordening waaruit 'n tipe teengeskiedenis ontstaan het. Dit het die hede krities bekyk met die oog op die skepping van 'n beter toekoms en word deur betrokkenheid en aktivisme gekenmerk. Geskiedenis het daar tot 'n strydbare instrument in die belang van die werkersklas geword. Hierdie krities-emansipatoriese geskiedskrywing het nie net Wes-Duitsland beïnvloed nie, maar ook die RSA, waar dit aan die swart bevrydingsbeweging gekoppel geraak het. Die Engelse beweging het 'n mondstuk in die *History Workshop, a Journal of socialist and feminist Historians* wat wye invloed uitgeoefen het[29].

Die Wes-Duitse werkswinkelbeweging waarin die alledaagse geskiedenis beoefen word, is, wat die praktyk betref, op die Britse lees geskoei. Dit het tot nuwe vraagstellings en temas oor verwaarloosde bevolkingsgroepe en die betreding van taboe-sones gelei. Uit reaksie teen die ivoortoring-seminare van die universitêre geskiedenispraktyk het die werkswinkels as alternatiewe beweging, as nie-professionele en nie-geïnstitusionaliseerde navorsingsentrums buite die akademie om gedien. Hierin word ondersoek gedoen na die konkrete leefwêrelde van die onderste lae van die bevolking, dikwels gelei deur teleurgestelde jong historici wat nie poste aan universiteite kon bekom nie. Hulle wil die hede begryp – die wêreld waarin hulle lewe – nie deur die tradisionele heerskappy-geskiedenis nie, maar "van onder-af", in opposisie teen die bestaande orde. Die studie van weerstand teen sosiale ongeregtigheid figureer sterk daarin[30].

Om koördinasie en 'n Bondswye geskiedeniswerkswinkelbeweging te bewerkstellig, het 'n aantal progressiewe historici uit Hannover die inisiatief geneem. In November 1982 het 70 historici ter bespreking van die onderneming in Göttingen byeengekom en op 28 Mei 1983 het 100 in Bochum vergader waar 'n Bondswye werkswinkelvereniging tot stand gekom het. 'n Eie tydskrif volgens Engelse model, *Geschichtswerkstatt*, is in die lewe geroep om die uitkomste van hul ondersoeke bekend te stel. Dit is gerig op mense buite die professioneel-historiese kringe. In 1984 was daar reeds 40 werkswinkels en in 1989 40 in die Bondstaat Hannover alleen. Die alledaagse geskiedenisbeweging het homself ingeburger en 'n krag in die Duitse geskiedwetenskaplike beoefening geword waarmee rekening gehou moet word[31].

## 4. Die voor- en nadele van die nuwe beweging

Omdat die alledaagse geskiedenisbeweging krities staan teenoor die geskiedenis, soos aan die

---

29. Vir besonderhede oor die *History Workshop*-beweging kyk H.C. Boekraad e.a. (reds.), *Ter elfder Ure, het Thompson-Andersondebat* (Nijmegen, s.j.), pp. 476-485.
30. Vgl. bv. H. Focke en U. Reimer, "Alltag der Entrechteten, wie die Nazis mit ihren Gegnern umgingen" in *Alltag unterm Hackenkreuz*, Band 2 (Reinbeck, 1980).
31. Oor die *Werkstatt*-beweging: A.G. Frei, "Alltag-Region-Politik, Anmerkungen zur neuen Geschichtsbewegung" in *Geschichtsdidaktik* 9/2 (1984), pp. 107-120 en "Geschichtswerkstätten" van G. Schneider in *Handbuch der Geschichtsdidaktik* (Düsseldorf, 1985), pp. 776-786.

Duitse universiteite beoefen, kon reaksie verwag word, veral van die kant van die historiese sosiale wetenskapshistorici soos Hans-Ulrich Wehler[32] en Jürgen Kocka[33] teen wie se struktuurgeskiedenis kritiek uitgespreek is. Aan die positiewe kant was albei van oordeel dat die *Alltagsgeschichte* tot 'n verryking van die geskiedwetenskap kan lei, mits dit teoreties deurdag, rasioneel gedissiplineerd en aanskoulik-konkreet daargestel word. Die rede is dat dit gebiede betree en oopgestel het wat vroeër as banaal beskou is. Ook kan dit verborge wêrelde onthul.

Die vraag is of die alledaagse geskiedenis soos in werkswinkels buite die universiteite om beoefen word, vernuwende waarde het en die wetenskap soos 'n nuwe dinamo kan help aandryf, of moet dit as 'n ruspe in die stam van die sosiale geskiedenisplant gesien word? Hieroor is die historici verdeeld. Sommige wil dit nie as 'n radikale antibeweging beskou nie, maar eerder as 'n nuwe variant van die sosiale geskiedenis, waardeur nuwe temas en perspektiewe oopgestel word. Dan moet dit egter as subdissipline aan die universiteite ingestel word[34].

Positiewe kritiek is egter oorskadu deur afkeur, veroordeling en skeptisisme. Lutz Niethammer het in 1982 verklaar: *Klein Alltag ohne Theorie*[35], waarby ander kritici hulle aangesluit het[36]. Wehler het die historici van die alledaagse geskiedenis verwyt dat hulle inspannende intellektuele arbeid vermy deur van die teorie weg te vlug, en dan slegs 'n versameling bonte anekdotes en feite deur emosionele vertelling, sonder enige ontleding, aanbied. Hy het die Engelse slagkrete *Small is Beautiful, Small Talk* en *Thick Description* op hulle van toepassing gemaak. Syns insiens is die alledaagse geskiedenismodel 'n tipe linkse neoromantiek, 'n romanties-verklarende pseudorealisme en 'n nuwe filantropiese lopie, waardeur teruggeval word na die groue voortyd van die geskiedwetenskap. Dit onthul 'n geïdealiseerde vertrekpunt uit die materialistiese geskiedopvatting. Waar die politici, staatsmanne en diplomate vir Ranke die helde was, is die helde van die alledaagse historici die plattelandse kleinboerbandiet of industriële proletariaat. Wehler het die beweging gewaarsku dat, indien hulle nie 'n teoretiese raamwerk vir hul bedryf ontwikkel nie, hulle 'n verbygaande modeverskynsel sal word en in 'n doodloopstraat sal beland.

Kritici het ook daarop gewys dat die moeilik definieerbare term "alledaagse geskiedenis" 'n versamelterm is vir beskawingsvoortvlugtiges, wat deur hul eensydige geskiedenis, slegs die skadukant van die tegnologiese ontwikkeling raaksien en blinde opposisie toon teen alles wat die tradisionele lewensvorme versteur. Dit lei tot romantiese legendes oor die geluksaligheid van voor-industriële lewensvorme[37]. Hulle benut die geskiedenis soos 'n dronke 'n lamppaal, vir wie dit nie om sy lig gaan nie, maar slegs om teen te leun.

Deur die kerktoringperspektief op die *underdogs*, die proletariaat, die verarmdes, die arbeiderskultuur en minderbevoorregtes, raak die alledaagse geskiedenis uit die gesigsveld van die geheel van die samelewing. Die konsentrasie op indiwidue openbaar 'n blindheid vir globale sieninge en 'n wanbegrip van historiese strukture en prosesse. Is die bontheid van leefwêrelde en mikrotemas verteenwoordigend van die massamens en wyere sosiale strominge?

---

32. H.-U. Wehler, *Preuszen ist wieder chich, Politik und Polemik* (Frankfurt a/M, 1983), pp. 99-106 ("Neoromantik und Pseudorealismus in der neuen 'Alltagsgeschichte' "); *Die Zeit* nr. 19, 3 Mei 1985, p. 64 ("Geschichte von Unten gesehen").
33. J. Kocka, *Sozialgeschichte* (Göttingen, 1986), p. 169 e.v.
34. W. Schieder en V. Sellin (reds.), *Sozialgeschichte in Deutschland III* (Göttingen, 1987), pp. 93-94 (Peter Borscheid, "Alltagsgeschichte-Modetorheit oder neues Tor zur Vergangenheit?").
35. K. Bergmann en R. Schörken (reds.), *Geschichte im Alltag — Alltag in der Geschichte* (Düsseldorf, 1982), p. 24 (L. Niethammer, "Anmerkungen zur Alltagsgeschichte").
36. O.a. H. Nagl-Docekal en F. Wimmer (reds.), *Neue Ansätze in der Geschichtswissenschaft* (Wenen, 1984), pp. 12-13, 18 en 24.
37. W. Schieder en V. Sellin, a.w., pp. 86-87.

Waarom alledaagsheid slegs tot dié daaronder beperk? Het die politici, beamptes, koopliede, bedryfsleiers, aristokrate en geestelikes dan ook nie 'n alledaagsheid gehad nie?

'n Verdere vraag was of die alledaagsheidsbegrip wat onduidelik, vaag en onseker is, beperk is net tot ete, drinke, aantrek, woon, werk, geboorte en familie? Wehler was oortuig dat daar onder die vlag van die veelduidende skip "alledaagsheid" nie 'n monolitiese blok geskiedenis van die alledaagse lewe moontlik is nie, en dat dit 'n prinsipiële onbevoegdheid impliseer om tot 'n groot, gesamentlike sintese oor te gaan. Vir Wehler is die geskiedenis-van-onder-beginsel eensydig soos ook die geskiedenis-van-binne-beginsel, want daar bestaan geen direkte weg na die "binnekant" van die geskiedenis nie. Dit spreek van skeptisisme teen die *Oral History*-metode en 'n *kommunikatiewe* geskiedwetenskap. Hul werk word eerder deur subjektiwiteit, emosie, betrokkenheid en neohistoristiese illusies gekenmerk. Uit die geskiedeniswerkswinkels kom volgens Wehler "kaalvoethistorici" tevoorskyn, met 'n brousel van "onder" en van "binne" wat as *Alltags-* of volksgeskiedenis verkoop word[38].

Dat skrywers van dié nuutjie, die geskiedenis van die alledaagse lewe, in breë kringe gewild geraak het, ly geen twyfel nie. Dat dit irritasie en onrus in akademiese kringe veroorsaak het, is ook waar. Dit het professionele historici beweeg om ook vir die geskiedenis van die alledaagse lewe plek in te ruim, soos byvoorbeeld blyk uit Thomas Nipperdey se *Deutsche Geschichte, Bürgerwelt und starker Staat 1800–1866*[39].

38. Wehler, in *Die Zeit* nr. 10, 3 Mei 1985, p. 64.
39. München, 1983, p. 130.